# Liturgiese Riglyne

**SONDAGOGGEND 09:00**

## Laat julle met God versoen!

**Skriflesing:**
2 Korintiërs 5:11-6:13 (1983)

**Teksvers**:
2 Korintiërs 5:19-21

**Sing**:
Ps 18:1,2,9,20
Ps 86:6
Ps 97:7
Sb 14-1:1,3
Ps 95:1,4,5
Sb 13-3

**Prediker**: Ds Maarten van Helden

Die apostel verdedig steeds sy eie apostoliese gesag teenoor die gemeente in Korinte, Griekeland. Dis soos iemand wat agent is van 'n agentskap (*franchise*)... Hy verdedig nie die agent nie maar wel die agentskap.

Hy en die apostels het geen eie gesag nie, maar wel het die inhoud van die "*franchise*", die inhoud van die Evangelie, gesag in homself.

Kom ons bekyk hierdie uitsonderlike evangelie wat hier deur die Griekse woordjie "*katalasso*" uitgedruk word en kom ons aanvaar hierdie versoening wat Hy vir ons in Christus bewerk het.

**SONDAGAAND 18:00**

## God se beloftes: Vir Israel/die Jode? Vir ons?

**Skriflesing:**
Esegiël 37:15-28 (2020)

**Teksvers**:
Esegiël 37:26-28

**Sing**:
Ps 89-2:1,5
Ps. 34-1:6,8
Sb 1-3:1,2,3
Sb 13-3

**Prediker**: Prof Herrie van Rooy

- God gee beloftes aan sy volk in ballingskap.
- Geld dit vandag vir ons of ook vir Israel/die Jode.
- Die profeet praat met die mense in die Babiloniese ballingskap, na die verwoesting van Jerusalem en die tempel.
- Vervulling met terugkeer, herbou van die tempel.
- Besondere vervulling in Christus.
- Een of meer paaie tot verlossing?
- *"Niemand kom na die Vader sonder My nie"*
- Vir ons belofte van God se nabyheid, kan God altyd en oral aanbid word.
- Israel en die Jode het vandag steeds nie verlossing buite Christus nie.




# KOMMUNIKAATJIE
**Gereformeerde Kerk Centurion**

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

**Jaargang 49 Nr 07 3 Maart 2024**


# BELA BELA

Moenie jouself misgis en dink ons het hier met Bela Bela in die Limpopo te make nie. Die BELA Wet (Basic Education Laws Amendment Bill), wat binnekort in die parlement dien, raak die hart van ons en ons kinders en die skole en onderwysers waarmee ons hulle vertrou. Na al die insette van die publiek, politieke partye en onderwyskundiges storm die regering voort om ons die beheer van ons skole te ontneem, sodat hulle die pad kan oopmaak vir totale beheer.

Die belang van <u>*ouerdeelname*</u> aan die eerskomende beheerliggaam-verkiesings is van die uiterste belang vir die beperking van *staatsinmenging* en totale beheer van ons skole. Die hele BELA wetgewing is volgens kenners nie in lyn met die grondwetlike beginsels nie en eïen die Staat homself funksies toe wat hom nie toekom nie.

Dit sal dus in belang van ons geloof en ons kultuurgoedere wees dat ons hierdie wetgewing bly beveg en dat ons bid vir hulle wat die moed het om dit in die Konstitusionele Hof vir ons te doen.

Die opvoeding en dissipline van ons kinders is tog in die eerste plek die plig en taak van die ouer. En ook hiervan gaan u en ek eendag aan God moet rekenskap gee.

Die regering se magswellus neig steeds na totale beheer waar hulle selfs oor u en my persoonlike lewe besluite sal kan neem. Dit sal 'n kwade dag wees as dit gebeur en daarom moet ons die Here van hemel en aarde bid dat Hy ons en ons kinders hiervan sal bewaar. Sekere sake, soos die opvoeding van ons kinders, is ononderhandelbare Godgegewe take. Bly maar op u knieë vir die sake van skole en onderwys en bly betrokke by die bestuursake van die skole waar u kinders is. Mag die Here ons hierin bewaar!

Ds Maarten

*Besware kan nog aangeteken word by https://dearsouthafrica.co.za/bela-bill-ncop/summary/*

## ALGEMENE INLIGTING

Die nuwe lewe in Christus!

**EREDIENSTYE**

Afrikaanse Oggenddiens: 09:00
Engelse Diens: 11:00
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855
Ds Gerrit Kruger: 082 964 5595
Ds Lourens Venter: 082 529 2330

*Kantoorure:* ***Ma-Do*** *08:15 - 13:00*
Telefoon: **012 664 2614**
Epos: Kerkkantoor—**kerkkantoor@gkcenturion.co.za**

Basdenlaan 226
Lyttelton

***Inhandiging van Kommunikaatjie-berigte sluit Woensdae om 12:00***

- - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

**NUWE INTREKKERS**: Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

**VIDEO UITSENDINGS**: Volg skakel op gemeente se webblad **gkcenturion.co.za** of ons internetskakel **stroom.gkcenturion.co.za**

**EREDIENSTE OP INTERNET**: http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname).

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: TOEP: **Kerkdienst Gemist.**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK**: Esmé 083 381 6428/esmel.prins@gmail.com.

**KATKISASIE**: Vandag: Les 5, Ps 145:1,2 Volgende week: Les 6, Ps 145:1,2

**KLEUTERKATKISASIE**: (2-5jr): Ouers neem asb u kleuters ná Skriflesing na die kleuterklas.

### KOLLEKTES

**Vandag:** Tydens erediens: Barmhartigheid

**Volgende week:** Barmhartigheid

**Vandag:** By die deure: Emmeritaatsversorging

**Volgende week:** By die deure: Koningskinders

Weens die toenemende kriminele aktiwiteite waar kerke soms geteiken word, vra ons lidmate om asb diskreet te wees met kontant en kosbare persoonlike besittings as hul eredienste bywoon.

**Kerk se bankbesonderhede:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005

**Inbetalings vir die Diakonie:**
Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005

**Inbetalings vir die Susters:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005

**Maandelikse bydraes dmv EFT**—Verwysing: Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr stuur bevestigende epos aan admin@gkcenturion.co.za



## Geestelike Opbou

**3 Maart 2024**


na die aanddiens

Prof Herrie van Rooy kom gesels oor:

**Hoe die profesieë betrekking het op wat vandag in ons wêreld gebeur**

Almal welkom!

## Almanak 2024 (boek)




Beskikbaar by die kerkkantoor
@ R125,00
Bring asb die korrekte kleingeld

### TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.



**3 Mrt**

| | |
|---|---|
| Christine Strydom | A4 |
| Petra Terblanche | B2 |
| Lené vd Walt | C8 |
| **10 Mrt** | |
| Kobie vd Merwe | A1, A17 |
| Liana van Rooy | B11 |
| Liesel Badenhorst | C3 |

## GKC Kosbank

Die doel van die kosbank is om aan lidmate en hulle families kos te voorsien tydens 'n siekte/hospitalisasie/herstelproses.

Indien jy bewus is van 'n behoefte, kontak asb: Diaken, Ouderling of Predikant.

## Wyse Gryses

(Senior Aksie)

Vind DV plaas op Maandag **4 Maart** om **10:00** in die **kerksaal**




Ons gaan Bingo speel en daarna gesellig saamkuier.

Die jaarprogram is gefinaliseer en gaan bespreek en uitgedeel word.

Almal hartlik welkom!

**Klein advertensies:**

**Huiskontrakteur –** herstel/waterdigting van dakke; verfwerk; herstel/installering van plaveisel; teëlwerk; herstel van waterlekke; staalwerke; saag/verwydering van bome; installeer solar-drukpomp op watertenks, omskakeling van geyser na sonkrag; installasie van gastoestelle. Hennie vd Walt 082 927 4326.

**Verkoop u, u huis?** Onthou dit is u, die verkoper, se keuse om die prokureur aan te stel. Ek sal u graag daarmee wil help. Ook testamente en boedels. Pieter Wolmarans Prokureurs 083 949 8899.

**Kamer in woonhuis te huur—**vir vroulike student, Erasmuskloof, R4000pm. Wifi, elektrisiteit en gebruik van wasmasjien. Aandete teen addisionele koste. Estelle 0824460443.

**Huis, woonstel/kantore te huur** Lyttelton Manor, R15 000pm - 3 sk, 3 bk, 2 kombuise, 2 TV kamers, toesluit mh, 3 afdakke, swembad, ens. Kontak Ben vd Walt 082 402 4095.

## Bybels

Bybels in al die amptelike tale sowel as in Swazi (Eswatini/Swaziland), Chichewa (Malawi), Shona (Zimbabwe), Frans (DRK), en Portugees (Mosambiek) op aanvraag beskikbaar. Grootdruk Afrikaanse Bybels ook beskikbaar.

**Hoe bestel u?** Kontak Esmé van den Berg op 083 381 6428 of skandeer die volgende kode en vul die bestelvorm in:

**Afrikaanse Bybels (2020 Vertaling)**
Beskikbaar by die kerkkantoor teen R100.

## Koningskinders-kamp

### 20—24 Maart

Ons benodig bestanddele vir etes asook kinderklere (5-12jr).
Enige fondse sal ook waardeer word.
Skenkings van alle produkte en benodighede kan op die stoep ingegee word.
Skakel ds Lourens 082 5292 330 vir enige navrae




## PA-SEUN EN PA-DOGTER JAGNAWEEK

~~4-7 April~~

**(nuwe datum sal bekend gemaak word)**

Dit is weer tyd vir Pa's en Seuns en Pa's en Dogters om hulle verhoudings te versterk. Dit is 'n naweek van saamkuier in die pragtige Bosveld. 'n Naweek om weer geloofsbande en verhoudings te versterk. 'n Naweek in die **buitelug, bosveldvure, skyfskiet en kleiduifskiet en jag**.

Indien jy belangstel kontak ds Lourens Venter of jy kan hom whatsapp by 082 5292 330



# Verjaarsdae

## Belydende lidmate

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 3 Mrt | Peet | Coetsee | B11 | 27699874505 |
| | Nannie | du Plessis | B18 | 27729977972 |
| | Grethe | Posthumus | A09 | 27828740421 |
| | André | v Niekerk | C14 | 27824394782 |
| 4 Mrt | Marlene | Erasmus | C07 | 27741209217 |
| | Alta | Heystek | A10 | 27823370081 |
| 5 Mrt | Freek | du Toit | C01 | 27726317202 |
| | Larrie | Erasmus | A10 | 27823226221 |
| | Werner | Human | C03 | 27845496503 |
| | Johannes | Kruger | A18 | 27829488739 |
| 6 Mrt | Johan | Jordaan | A14 | 27828505629 |
| | Jeanette | vd Bijl | A17 | 27835641160 |
| 7 Mrt | Nadia | Barnard | B11 | 27716836127 |
| | George | Cronje | C05 | 27827848556 |
| | Annlia | Nel | B18 | 27833241893 |
| | Thea | Smit | A14 | 27825011445 |
| | Tineke | Vegter | B07 | 27725851642 |
| 8 Mrt | Jaco | Basson | B09 | 27828022150 |
| | Linda | Jordaan | C09 | 27722278645 |
| | Hugo | Kruger | B09 | 27835156448 |
| | Leon | Lourens | A10 | 27609744380 |
| | Solly | Muhlarhi | E01 | 27793569591 |
| | Mari | Oosthuizen | A01 | 27828515539 |
| | Annika | vd Walt | E01 | 27721191389 |
| 9 Mrt | Renier | vd Merwe | A17 | 27824100599 |
| | Ruon | v Niekerk | E01 | 27766510638 |

## Dooplidmate

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 3 Mrt | Leam | vd Merwe | C10 | 27824606498 |
| 03/03 | Gisela | vd Westhuizen | C15 | 27795125575 |
| 4 Mrt | Wico | van Rooy | B02 | 27716000368 |
| 5 Mrt | J'laine | Kruger | A18 | 27649039993 |
| 6 Mrt | Hanno | Hoogendyk | A08 | 27847644692 |
| 7 Mrt | Shiloh | le Roux | C09 | 27828506459 |

# Ons gee om vir Mekaar

***"...God ontferm Hom oor ons."*** *Ps. 116:5*

- Attie Pertorius sterk aan in Midstream hospitaal (A6—082 444 3740).
- Ria Vorster het 'n draai in die hospitaal gemaak (A17—082 855 1305).
- Isabel Pretorius sterk aan in Unitas hospitaal (B12—654 1265.

***Meelewing*** word betuig met Ernest Bornman en familie na die afsterwe van sy moeder.

***Ons lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra***

## Beroep aanvaar

Dr C (Chris) Botha van GK Die Kandelaar na GK Gobabis (Namibië).

## Alethea Outreach 11:00

Worship Service

Like us on facebook:

https://www.**facebook**.com/aletheaministry/

Passage: 2 Cor 5:11-6:13

Rev Maarten van Helden

# Koningskinders-kamp 2024

Baie dankie vir skenkings wat reeds ontvang is vir die Koningskinders-kamp. Dit word opreg waardeer.

Hieronder volg die bestanddele wat ons nog benodig vir die kamp soos op 3 Maart.

**U kan gerus vir Gawie Erasmus kontak by 082 448 9658 vir enige skenkings**

| Bestanddele | Benodig | Skenkings ontvang |
|---|---|---|
| **Vleis** | | |
| Maalvleis | 36kg | 16kg |
| Vienna's | 8kg | |
| "Crumbed Chicken Strips" | 25kg | |
| Rooi Vienna's | 6kg | |
| Hoender Sosaties | 300 | |
| Dun Boere worsies | 15kg | |
| Hamburger Patties | 200 | 200 |
| | | |
| **Suiwel** | | |
| Margarine | 3kg | |
| Botter | 3kg | |
| Cheddar Kaas | 17kg | |
| Melk (Longlife) | 125lt | 8lt |
| Kaas Snytjies | 200 | |
| | | |
| **Drinkgoed** | | |
| Koffie (Ricoffy) | 6kg | 6kg |
| Tee | 300 sakkies | 300 sakkies |
| Hot Chocolate | 12kg | 0.500kg |
| Vrugtesap (Oros) Konsentraat | 75lt | 81lt |



| | | |
|---|---|---|
| **Groente** | | |
| Uie | 10kg | |
| Wortels | 5kg | 6kg |
| Gevriesde Groente | 6kg | |
| Tamatie | 6kg | |
| Blaarslaai | 6 koppe | |
| Aartappels | 15kg | |
| | | |
| **Vrugte** | | |
| Piesangs | 400 | |
| Nartjies | 400 | |
| Rooi Appels | 350 | |
| | | |
| **Ander** | | |
| Beskuit | 15kg | 15kg |
| Koekies | 15kg | 15kg |
| Tamatie Sous | 8kg | 2.750kg |
| Mayonnaise | 2kg | |
| Spaghetti | 8kg | |
| Eiers | 50 Dos | 50 Doz |
| Appelkooskonfyt | 3kg | |
| Goue Stroop | 3kg | |
| Mielie Meel | 8kg | 17.5kg |
| Macaroni | 10kg | 1kg |
| Kook Olie | 5lt | 4lt |
| Koekmeel | 3kg | |
| Corn Flakes | 18kg | 0.400kg |
| Water Ysies | 450 | |
| Ice Lollies - Roomys | 150 | |
| Polar Sandwiches - Roomys | 150 | |
| Bruin Suiker | 25kg | 5kg |